**HARTENBOS VAKANSIEDORP**
**HUISEIENAARSVERENIGING**

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 18
GEHOU OP 30 DESEMBER 2013 OM 09:00 IN DIE WALVISSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
108 Lede soos per presensielys.

**2. OPENING**

Die vergadering word deur Ds. Willem Smit met skriflesing en gebed geopen.

**3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 17 GEHOU OP 27 DESEMBER 2012**

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

**4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS**

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

**5. VOORSITTER SE VERSLAG**

**5.1 WELKOM**

Baie welkom aan die lede teenwoordig. So bereik ons dan nou weer die einde van 2013, ŉ jaar waarop ons kan terugkyk en beleef hoe die Here weer Sy versorgende Hand oor die Hartenbos Huiseienaars se grondgebied gehou het. As ons terugkyk sien ons vreugde, en seëninge maar ongelukkig soms ook hartseer. Wat egter uitstaan bo alles is die groot Genade wat ons onverdiend uit die Vaderhart ontvang het. Genade om weer met ons gesinne, vriende, bure en ja ook ATKV hier op Hartenbos, verenig te kon word. Genade om te kon lag en sing en aangename ure op die strand, in die see en amfiteater saam met ons gesinne en ander vakansiegangers te kon deurbring

**5.2 MEEGEVOEL**

Omdat ons egter een groot Hartenbos familie is, is dit daarom gepas om ook hulde te bring aan lede en/of familielede wat ons die jaar ontval het. Daarom wil ek vra dat almal sal opstaan asb. Terwyl ons met geboë hoofde staan, dink ons aan geliefdes wat met ernstige siektes worstel of wat ons hierdie jaar ontval het. So wil ons dan hulde bring aan hul bydraes om Hartenbos te bou tot die prag oord wat ons vandag hier beleef. Ons wil aan ons gestorwenes sê dat ons hul bydraes waardeer en sal poog om dit in die toekoms te kan gestand doen. Mag die Here ons hiertoe krag gee. Dankie.

**5.3 BESTUUR**

.

Ek wil begin deur hulde te bring aan Luki, voorsitter tot einde 1ste kwartaal, en Erina as o/voors., wat die tweede kwartaal deurgesien het tot ek Juniemaand afgetree het en kon oorvat. Dankie vir die bekwame wyse waarop julle die Vereniging gelei het die jaar. Ons waardeer jul bydraes. Bestuur het vanjaar 3 vergaderings gehou wat ons probeer inpas het tydens vakansietye en ook d.m.v. telefoonvergaderings. Met die telefoon-vergadering alleen is ongeveer R18 000 net aan reis-eise alleen bespaar. Ek het deurgaans onder die indruk gekom watter waardevolle bydraes lede van die Bestuur lewer, alles vir die liefde van die saak, ten einde ŉ wakende oog oor ons belange te hou en ordelike bestuur daar te stel tot voordeel van AL ons lede. Bywoning van vergaderings deur Bestuur was deurgaans voltallig met slegs enkele afwesiges met wettige verskonings – so is Ras du Toit, polisie op Oudtshoorn, bv. tans op diens daar.

**5.4 ATKV ONWIKKELING STANDFRONT**

Die beoogde herontwikkeling van ATKV op die seefront het deurgaans hoë prioriteit geniet. Bestuur het die Vereniging, soos sommige lede ook in hul persoonlike hoedanigheid, as wettige belangegroep laat registreer, om te waak teen die belange van AL ons lede. Veral een lid, Deon Claasen, het breedvoering met Bestuur kommunikeer en ons kon sommige van sy voorstelle ook inwerk in ons kommentaar aan die ontwikkelaar. Dankie ook aan Luki vir uiters gebalanseerde kommentaar gestuur aan Bestuur oor vooruitgang versus agteruitgang? Jou skrywe het ŉ diep indruk op my gemaak. Ontmoetings met ATKV en die ontwikkelaar is gereël en ondersoeke ter plaatse is deur myself en Schalk gedoen. So kon ons verkeerde feite op die tafel plaas (bv. Dalmanuthalaan wat deels aan ons behoort, en ongemaklikheid van ons lede soos die plasing van die draaisirkel teen die treinspoor en Dalmanuthalaan, die gevaar van vermeerderde afloopwater deur Karoodorp, die hoogtebeperking op geboue, om slegs enkele aspekte uit te lig.
Bestuur het ook op 20 Des. ŉ gesprek gereël met al die lede van Dalmanuthalaan omdat hulle direk langs die ontwikkeling geleë is en direk daardeur geraak word. Die uitkoms hiervan was:
Alle lede is eenparig ten gunste daarvan dat ons vra dat die hele Dalmanuthalaan na ons oorgedra word, sodat die hele straat aan beide kante gesluit kan word om doellose beweging deur Karoodorp te beperk. Mnr. Hofmeyr, wat ongelukkig nie die vergadering kon bywoon nie, se insette oor die plasing van die sirkel moet nog verkry word.

5.4.1 Die buffer-/groen landskap strook tussen Dalmanutha en die nuwe pad moet so breed (moontlik 15m) gemaak word.

5.4.2 Die konferensieverblyf moet met 2 voorkante ontwerp word sodat sy ‘agterkant’ nie na Dalmanutha toe wys nie. Dit moet ook nie die karakter van ŉ ‘backpackers’ hê nie.

5.4.3 Lugreëling en noodkrag van geboue en winkels moet so geplaas word dat dit nie vir lede in Dalmanutha steur nie.

5.4.4 Kennis word geneem dat hoogte van geboue op die vlak sal wees soos dit nou is en daar word geen geboue soos op Diasstrand beplan nie.

Lede moet asb. daarop let dat hierdie beoogde ontwikkeling die begin van ŉ uitgebreide proses is wat nog in sy kinderskoene staan, hoewel die beginsel daarvan reeds deur ATKV afgevaardigdes op hul jaarkongres in Mei aanvaar is.

As bestuur laat ons dadelik ons teenstemme hoor as daar aspekte is waarvan ons weet of wat ons ore bereik waaroor lede nie gelukkig voel nie. Lede moet tog net asb. onthou argumente moet op vaste voet staan en as ons vae goed soos 'die atmosfeer en etos van Hartenbos' insleep, maak ons onsself belaglik. Dit sal in geen geding kan staande bly nie, want dis ons, lede soos u en ek, tesame met die vakansiegangers, wat die 'gees' van ŉ plek bepaal. Wees asb. gerus, Bestuur sal net so sensitief soos u waak oor ons kosbare Hartenbos, maar ons is ook deeglik bewus daarvan dat niemand vir ATKV kan voorskryf wat hy op sy eie grondgebied mag of nie mag maak nie. Goddank dat ons die afgelope tyd ŉ 'naderbeweeg' vanaf ATKV tot ons ervaar, waaroor ons dankbaar voel. Ek kry die gevoel dat hulle daadwerklik luister as ons met sinvolle voorstelle kom. Dit is so dat ATKV en ons Vereniging die 2 groot rolspelers op Hartenbos is en ons moet deurlopend met mekaar praat soos tans aan die gebeur is. Dank hiervoor gaan ook aan Morne Beukes, Oordbestuurder, wat ek deurgaans as ŉ baie akkommoderende en tegemoetkomende man ervaar. Lede word aangemoedig om by hul tuis takke by ATKV aan te sluit sodat hulle daar en op ATKV se Jaarkongresse hul stemme kan laat hoor. Dis daar waar besluite beïnvloed kan word. Om verdere vrae en moontlike vrese te besweer het ons gereël dat iemand van die ontwikkelaar of ATKV ons netnou te woord sal staan.

**5.5 PARKEERPLEK RIVIERA HOTEL**

Lede se beswaar dat die parkeerplek teenaan die hotel deurgang sal oopmaak na Sandrivier toe, is ondervang deur ŉ persoonlike besoek aan die hoteleienaar. Hy het belowe om aan die bokant ook ŉ elektroniese hek aan te bring met toesigbeheer sodat dit slegs as parkeerplek vir besoekers aan die hotel kan dien. Die hek sal in Januarie aangebring word.

**5.6 BURGERLIKE LUGVAART**

ŉ Brief is met goeie gevolge aan Burgerlike Lugvaart gestuur oor die 'wasmasjienbrommers' wat in ons rustyd oor ons huise verby raas. Dit het gestop en selfs die helikopters vlieg nou hoofsaaklik oor die see en Hartenbosrivier waar dit min gevaar vir ons lede en hul kinders kan inhou.

**5.7 GEDRAGSKODE**

Ons Gedragskode/Huisreëls is na meer as ŉ dekade weer hersien. Dit is uitgedeel en sal ook per e-pos aan u gestuur word. Ek vra vriendelik dat u dit agter u voordeur heg sodat ook besoekers in u huis dit mag lees en kennis daarvan kan neem. Let veral op die laaste twee wat Bestuur nuut bygevoeg het.

**5.8 SEKURITEIT – TUINDIENSTE**

By elke vergadering word ŉ volledige sekuriteitsverslag aan Bestuur gelewer. In die feestyd is ŉ ekstra sekuriteits-beampte aangestel @R8 900. Die wonderlike, goeie en vriendelike diens wat sekuriteitsbeamptes verrig en die mooi verhouding tussen hulle en ons lede word raakgesien en waardeer. Bestuur beveel aan dat, weer soos in die verlede, ŉ klein aansporingsbonus aan hulle oorhandig word. Tuindienste werk goed en ons Oord lyk pragtig versorg. Ek wil ook my persoonlike dank uitspreek teenoor lede wat deurlopend hul eiendomme opgradeer en veral opgegradeerde huise in Karoodorp lyk pragtig.

**5.9 ASBESVERSLAG**

Bestuur het met skok verneem dat die Nasionale Asbes-veiligheidsregulasies wat sedert 2001 geld, in Sep. 2013 ook in Mosselbaai as Bylae tot hul Bouregulasies aanvaar is. Vorentoe mag dit dus R50 000 – tot R100 000 ekstra kos in gevalle waar hele asbeshuise afgebreek word. Een Artikel in die Asbesregulasies plaas die onus op 'Representative Committees' waarvan Bestuur een is, om lede in te lig oor die Regulasies. Ons het dit reeds per e-pos gedoen, maar ook verder gegaan om iemand van EnviroServe, wat daagliks hiermee werk, te vra om die vergadering by te woon om ons verder voor te lig wat mag en wat mag nie. Hy het vanoggend uit Kaapstad vertrek en sal aan die woord gestel word sodra hy opdaag.

**5.10 VERGADERING MET WYKSRAADSLID**

Tydens vergadering met lg. is die volgende inligting ontvang wat ek graag aan u deurgee.

5.10.1 Alles wat herwin kan word moet in die blou sakke, wat u gratis saam met swart vullissakke ontvang, geplaas word.

5.10.2 Terugvoering oor bouplanne wat u indien by munisipaliteit sal binne een maand geskied, tensy daar iewers fout is met u planne.

5.10.3 Waak asb. teen stormwater wat in die rioolstelsel beland. Die rioolstelsel kan dit eenvoudig nie hanteer nie.

5.10.4 Plant so ver as moontlik inheemse plante en struike op u erwe en sorgdra dat hul wortels nie eiendomme beskadig nie. Wees ook bedag daarop dat sekere boomsoorte slegs met toestemming van Natuurbewaring afgesaag mag word.

5.10.5 Rapporteer klagtes asb. aan Munisipaliteit deur sms te stuur na 37285 - of per e-pos aan Admin@mosselbaai.co.za Ek sal vra dat Schalk dit ook per e-pos aan lede stuur.

**5.11 ANDER SAKE**

Sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het is die volgende:

5.11.1 Padinstandhouding ooreenkomstig ons prioriteitslys
5.11.2 Mosegalaan en moontlike verskuiwing van hek daar is ons in gesprek met ATKV
5.11.3 Vullisverwydering
5.11.4 Verkeerspolisie tesame met nodige verkeerstekens
5.11.5 Eiendomsbelasting
5.11.6 Paardekraalweg in seisoentyd
5.11.7 Toegang tot amfiteater en moontlike voetganger deurpad deur terrein F
5.11.8 Heffing op straatligte wat Bestuur weier om te betaal
5.11.9 Bouplanne, ens. Hier moet ek spesiaal melding maak van die uiters waardevolle, maar soms baie ondankbare werk wat Erina vir ons doen.

**5.12 GOEIE BUURMANSKAP**

Vergun my ŉ oomblik om op hierdie belangrike aspek van ons samesyn hier op Hartenbos stil te staan. Bestuur kry nogal soms versoeke van ŉ lid om sy buurman 'aan te spreek' oor hy dan nou die of daai regulasies sou oortree, ens. net om spoedig daarna weer van die 'oortreder' te moet hoor hoe sy buurman dan nou weer sy lewe versuur. Van Bestuur word dus verwag om konflikte tussen bure op te los terwyl hulle self nog nie met mekaar oor die saak gesprek gevoer het nie. Bestuur kan en gaan nooit as regter optree tussen lede nie.

Baie mense daar-buite begeer hierdie kosbare besittings wat ons hier op Hartenbos het, so gee mekaar asb. bietjie ruimte en leef in opregte en goeie buurmanskap langs mekaar. Indien nie, moet u Bestuur nie verkwalik as ons vir u ŉ goeie bottel wyn stuur met die versoek om met u buurman op die naaste duin te gaan sit en u eie probleme uit te stryk nie.
Om hierdie aspek beter toe te lig vra ek verskoning asb. dat ek myself as voorbeeld gebruik. Iewers in verlede jaar, na byna 12 ure se ry, daag ek naby middernag met gaste by my ou huisie in Melkhoutlaan op, net om te vind dat ek nie op my eie erf kon stilhou nie. Die hele erf lê besaai met boumateriaal. Boonop is twee stapels stene, van my buurman, wat aan die bou was, op my erf reg voor my garage afgelaai. Ek kon die garagedeur nie oopkry om my krag aan te skakel nie en moes toe maar die nag eers die byna 1000 stene wegskuif. Buurman, salig onbewus hiervan, slaap lekker want sy garagemuur skei ons. Die volgende môre kon ek ook nie my agterdeur oopkry nie, want ŉ byna 2m hoë sandwal begroet my. Ek onthou nou nog goeie ou Nico, buurman, se verleentheid en verskonings die volgende môre toe hy ontdek dat ek deur die nag aangeland het– "Ek kom dan nooit die tyd van die jaar nie, hy sal dit alles weer opruim en DADELIK verwyder, ens.,.". Ek het seker genoeg rede gehad om my speelgoed uit die kot te gooi en op Schalk en Bestuur se nekke af te klim, maar ek het nie. Ek het net skalks opgemerk "Toemaar buurman, volgende jaar bou ek ook en dan weet ek sommer waar om my boumateriaal af te laai. Op jou erf". Buurman het, toe hy klaar gebou was, alles verwyder, nuwe grassooie gepak en my erf weer baie mooi herstel. Ek moet sê sy gestuurde bottel 5jr KWV het vorentoe gesmaak. So het ons hegte buurmans-bande gesmee. Toe ek bou kon buurman my weer deur sy selfoon deeglik op hoogte hou van die bouery en met foto's selfs foute aan my uitwys -1000km tussen ons ten spyt – wat ek betyds kon regstel. Ek het hierdeur een ding weer deeglik besef. Goeie buurmanskap is goud werd en met ons klein erfies is ons op mekaar aangewese. Veral as ons bou moet ons eenvoudig hande vat en mekaar help. Ek versoek lede asb. ernstig om hulle nie so gou te ontstel oor hul bure se optrede nie. Haal eerder diep asem en probeer u in u buurman se situasie plaas en kyk of u dan nie meer tegemoetkomend sal optree.

**5.13 DANKIE**

Laastens wil ek vir u sê dat ek vanjaar weer diep onder die indruk gekom het van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan en ook die uiters waardevolle werk wat lede van bestuur onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Daarvoor verdien hulle ons opregte dank en waardering. Met sulke mense is ons oord in goeie hande en sal ons jaarliks weer ons batterye kan kom herlaai hier op ons geliefde Hartenbos in die salige wete dat ons eiendomme in bekwame hande is.

**5.16 BESPREKING**

5.16.1 Die saak van Karoodorp word weer opgehaal na aanleiding van die ontwikkeling wat die ATKV mee besig is. Die hele kwessie van toegang en vloei van verkeer om en deur Karoodorp kom weer ter sprake. Deon Claasen word versoek om sy voorstelle van 2011 te hersien en weer aan die bestuur voor te lê vir bespreking by die eerste bestuursvergadering in April 2014. Albert Grobler sal die saak koördineer.

**6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING**

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Grant Thornton George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

## 7. ATKV ONTWIKKELING

Die bestuurder van Hartenbos, Mornay Beukes gee kortliks toeligting oor die beplande ontwikkeling van die strandfront area. Punte wat hy uitlig is die volgende:

7.1.1 Daar is voorstelle in die dokument wat deur die omgewings konsultante gepubliseer is. Kommentaar word van alle geregistreerde belangehouers en instansies gekry. Geen finale planne is nog beskikbaar nie en geen besluite oor hoe die ontwikkeling presies gaan lyk is reeds geneem nie.

7.1.2 Die ontwikkeling word deur ʼn maatskappy waarin die ATKV meer as 50% belang het, gedoen. Die beheer en bestuur sal deel van die ATKV se verantwoordelikheid wees. Die besluite is tydens die ATKV kongres en Jaarvergadering in Mei 2013 geneem.

7.1.3 Die ontwikkeling gaan nie nog ʼn Diasstrand tot gevolg hê nie.

7.1.4 Alle insette wat ontvang word sal oorweeg word.

7.1.5 Belangstellendes word genooi om die huidige voorstelle by die ATKV kantoor op Hartenbos te kom besigtig en met die personeel daar te bespreek.

## 8. HANTERING VAN ASBES

Mosselbaai Stadsraad het die riglyne oor die hantering van asbes op 1 September 2013 aanvaar en in hulle regulasies opgeneem. Die bestuur het reeds opsommend die omvang daarvan aan lede deur ons omsendbrief deurgegee. mnr van der Merwe van die maatskappy Enviroserve gee ʼn voordrag oor die bepalings van die wet en die stappe wat geneem moet word indien daar werk aan ʼn huis met asbes materiaal gewerk word.

## 9. LEDE EN HUURDER RIGLYNE

Die voorsitter hou die aangepaste dokument aan die vergadering voor. Klem word gelê op goeie buurmanskap en onderlinge ondersteuning. Die dokument sal op ons webblad geplaas word en aan lede saam met die eersvolgende omsendbrief gestuur word. Die versoek is dat die dokument op ʼn opsigtelike plek in huise vertoon word. Huurders moet spesifiek van die inhoud kennis neem.
Mnr Goosen het versoek dat die datum waarop bouwerk aan huise gestaak moet word vervroeg word omrede mense al voor 15 Desember met vakansie kom en die bouwerk wat nog aan die gang is steurend is.
Die vergadering volstaan met die huidige reëling dat bouwerk tot 15 Desember of die naaste Vrydag aan die 15de Desember kan voortgaan.

## 10. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur

genomineer. Die nominasie val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

**BESLUIT**

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

**9. SLOTWOORD EN AFSLUITING**

9.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal ŉ aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2014 vir u ŉ goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 11:45

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN ................................................................ OP**

**HIERDIE .................. DAG VAN ................................................................ 20 ................**

**---------------------------------** **........................................**
**VOORSITTER** **SEKRETARIS**